


Johannes en Jakobus, die seuns van Sebedeus, die binnekring disipels van Jesus.

Deur die volgende teks gedeeltes te lees gaan ons ‘n idee kry oor wie hierdie twee mannes was.

# ROEPING




Markus 1:16-20

# Jesus roep sy eerste dissipels

16Eendag toe Jesus langs die See van Galilea
loop, het Hy vir Simon en Simon se broer Andreas
gesien waar hulle besig was om werpnette in die
see uit te gooi. Hulle was vissers van
beroep. 17Hy het toe vir hulle gesê: “Kom hier!
Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van
mense maak.”

18Onmiddellik het hulle die nette gelos en Hom
gevolg.



19Toe Hy 'n entjie verder gaan, het Hy vir
Jakobus seun van Sebedeus, en sy broer
Johannes gesien waar hulle in die skuit besig
was om hulle nette reg te maak, 20en dadelik
het Hy hulle geroep. Hulle het hulle pa,
Sebedeus, net so saam met die loonarbeiders
in die skuit gelaat en saam met Jesus gegaan.

# WIE WAS HULLE?



**Hulle was deel van Jesus se binnekring.**




# Markus 5:35-43

37Jesus het niemand behalwe Petrus,
Jakobus en Johannes die broer van
Jakobus toegelaat om verder saam met
Hom te gaan nie. 38Hy kom toe by die
huis van die raadslid van die sinagoge
aan en sien die hele gedoente van
mense wat verskriklik huil en te kere
gaan. 39Hy het ingegaan en vir hulle
gesê: “Wat raas en huil julle so? Die
kindjie het nie gesterwe nie, sy slaap
net.”



# Markus 9:2-8

2Ses dae later het Jesus vir Petrus en
Jakobus en Johannes saamgeneem en
hulle op 'n hoë berg gebring waar hulle
heeltemal alleen was. Toe het sy
voorkoms voor hulle oë verander, 3en
sy klere het blink geword, spierwit
soos niemand op aarde dit kan maak
nie. 4Elia en Moses het toe aan hulle
verskyn en met Jesus gestaan en praat.



# Markus 14:32-42

33Daarna neem Hy vir
Petrus, Jakobus en Johannes
saam met Hom. Hy het
ontsteld en beangs
geword 34en vir hulle gesê:
“Ek voel doodsbenoud. Bly
hier en waak!”

# WIE WAS HULLE?



**Hulle Karakter.**

# Lukas 9:51-55

54Toe die twee dissipels, Jakobus en Johannes, dit sien, sê
hulle: “Here, wil U hê ons moet vuur uit die hemel afroep om
hulle te verteer?”

55Maar Hy het omgedraai en hulle skerp tereggewys.

<u>1933 vertaling...</u>

55Maar Hy draai Hom om en bestraf hulle en sê: Julle weet nie
van hoedanige gees julle is nie;

56 want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se
lewe te verderf nie, maar te red.

# Markus 3:13-19

**17Jakobus seun van Sebedeus, en Johannes die broer van Jakobus – vir hulle het Hy die bynaam Boanerges gegee, dit wil sê "manne van die donder"**



# Matteus 20:20-28

Sy sê vir Hom: “Belowe my dat hierdie twee seuns van my in u koninkryk langs U mag sit, een aan u regterhand en die ander een aan u linkerhand.”



Johannes en Jakobus word deur Jesus geroep om Hom te volg.

Deur hulle tyd saam met Jesus leer ons hulle ken en sien dat hulle maar net mens was.

Passievol, vuurig, stoomroller tiepe manne.

Maar Jesus vorm hulle dat hulle lief word vir hulle mede mens.

Hulle wou die belangrikste wees.

Maar Jesus leer hulle om te dien.



**Jakobus is die eerste Apostel wat sterf vir sy geloof onder die swaard van koning Herodus, omtrend 14 jaar na Jesus se hemelvaart.**

**Hy was getrou en lojaal aan Jesus en Jesus se Evangelie tot sy dood toe.**



**Johannes word bekend as die disipel van liefde.**

**Hy skryf 5 boeke van die Nuwe Testament.**

**Hy sterf laaste van al die Apostels van ouderdom.**

**Hierdie twee broers is hand om keer verander deur Jesus.**

**Van manne wat alles vir hulle self wil hê tot manne wat as pilare van die kerk beskou word.**



**Om ‘n ware disipel van Jesus te wees is om toe te laat dat Hy jou hart, jou denke, jou gedrag, jou uitkyk op die lewe, jou reaksie in sekere omstandighede, alles te verander.**

**Om ‘n disipel te wees is om gehoorsaam te wees aan Jesus se wil.**

**Om Hom die mag te gee om jou lewe te verander.**

**Watter dele van jou lewe en van jou mens wees dink jy moet verander?**

**Hoe dink jy moet jy verander?**

**Is jy bereid om oor te gee dat Jesus jou hart, jou lewe verander/vernuwe?**


fresh
NES JY IS, WAAR JY IS